

23 November

Filippense 1:3-11

(Teks: 1:3)

My lewe moet self 'n antwoord op my gebede wees

Hoekom lyk Paulus se gebede dan so anders as ons s'n?

Paulus het dit geensins makliker as ons gehad nie; intendeel, as Paulus hierdie gebed skryf, is hy nie werklikheidsvreemd nie. Hy sit in die tronk vanweë sy geloof in Jesus Christus.

Dis nie Paulus wat tred verloor het met die werklikheid nie, maar ons wie se gedagtes vasgesteek het by die hier-en-nou, terwyl Paulus deur die geloof na die toekoms met God kyk. Paulus bid so anders omdat sy redes so anders as ons s'n is. Ons bid gewoonlik uit gewoonte... nood... omdat ons so grootgeword het... so geleer is..., maar Paulus bid omdat hy in die Here bly is; hy bid uit innerlike geloofsoortuiging; vanweë die liefde van God vir hom, hy bid vanweë geloofsgemeenskap met medegelowiges. Daarom klink Paulus se gebede so anders as ons s'n.

Ook die inhoud van sy gebede is anders. Paulus bid hier dat die liefde vir God sterk moet toeneem om alle grense te oorskry om met jou hele intelligensie uiting te vind in vreugde om God te dien, sodat jy met jou hele persoonlikheid spontaan en dankbaar na God uitreik sonder reserwe en sonder voorbehoud. Hy bid vir liefde tot God wat alles doen vir die bevordering van sy saak in hierdie wêreld.

So moet jou hele lewe self reeds antwoord wees op jou eie gebede. Jy moet dus self ook doen wat jy bid. Jou houding moet getuig van jou liefde vir God - nederigheid, vergewensgesindheid, ens. Jou liefde vir God moet blyk uit jou daad - selfverloëning, lojaliteit en goedheid. Jou liefde vir God moet blyk uit jou daaglikse taalgebruik - jy moet geloofwaardig wees, net praat wat geloofsopbouend is. Dan sal ons gebede anders klink en ons lewe anders lyk.

Sing Skrifberyming 28b

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)